PIETERSBURG PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **11 OKTOBER 2016**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Dennis Traynor open met gebed. Voorsitter heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br>Voorsitter hou BJV Doelstellings voor. | Almal |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br>Paul Vorster, Patrick Meyer, Rentia Delport en Hannes Senekal. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 Geen<br>1.5.2. | Almal |
| 1.6 | **Korrespondensie / Correspondence**<br>1.6.1 Die skrywe wat van Martin Hood ontvang is, is deurgestuur aan die lede. Dit hou verband met die hernuwing van vuurwapenlisensies. | Almal |
| 1.7 | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Voorsitter lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 6 September 2016.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Geen regstelling.<br><br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Luan Erasmus<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Dirk de Klerk | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br>1.8.1 Vuurwapen lisensie hernuwings<br>Dit bly die verantwoordelikheid van all lede om te verseker dat hulle weet wanneer vuurwapens se lisensies verval en om die aansoek om hernuwing betyds te doen. Die wet bepaal dat die hernuwings 3 maande voor die vervaldatum gedoen moet word.<br><br>1.8.2 Vuurwapen bevoegdheid hernuwings<br>Lede word herinner dat 2017 die tydperk is waar van die eerste 10 jaar bevoegdhede hernu moet word.<br><br>1.8.3 Pietersburgtak jaareind funksie 18 November 2016<br>Daar is tentatief besluit dat die naweek van 20 Januarie 2017 die mees geskikte een is vir hierdie funksie. Die Voorsitter is bewus daarvan dat die Bosberaad waarskynlik op dieselfd naweek gaan wees en dat die naweke weerskante van hierdie naweek in gedagte gehou moet word as alternatiewe datums.<br><br>1.8.4 Tak almanak<br>Voorsitter het BSB kwotasie gekry, en dit blyk dat advertensie kostes onveranderd gaan bly. Die enkele opening wat op die almanak beskikbaar was is deur Prominenet Paints geneem. | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Skietbaan<br>Daar word steeds probleme ondervind met skuts wat verseg om teikens teen die skietwalle te plaas. Die oprig van die conveyer bande help baie, maar word nie altyd gebruik nie. Lede word herinner dat die skietbaan amptelik op Maandae gesluit is.Voorsitter rig weereens ‘n versoek aan lede om alles in hulle vermoë te doen om opslag koeëls te beperk.<br>Dit word onder die aandag van die lede gebring dat Pins hulle daarop aanmatig dat die 100m baan ook deel vorm van hulle maand aktiwiteite. Die Voorsitter dui aan dat hy geen kennis dra van so ‘n bepaling nie en dat hierdie aspek nooit op hulle vergaderings bespreek is nie. Voorsitter is bereid om die aangeleentheid met Thinus Botha op te neem. | Rudi |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Jnr Theyman Jongbloed<br>Mnr Breedt (Snr Lid)<br>Deon Roos (Gesin) | Debbie |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br>1.10.1 Junior opleiding<br>Bly 'n uitdaging om 'n datum vas te stel.<br><br>1.10.2 Chasa kursus in Oktober 2016<br>Daar was navrae oor die Chasa kursus. Hierdie kurus is oop vir enige persoon. Daar moet egter onthou word dat jy 'n lid moet wees om CHASA erkenning te kry vir hierdie kurses. | Rudi/Stan |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br>1.11.1 Algemeen<br>Jagters word herinner om hulle aktiwiteite op datum te kry. Opgedateerde inligting moet in November aan Nico Wepener deurgegee word vir toegewyde status. Lede moet ook verseker dat hulle lede gelde opbetaal is.<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen name van Debbie ontvang. | Toegewydejagters<br><br>Debbie |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br>Staan oor. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br>1.13.1. Algemeen<br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res. | |
| **1.14** | **Skietdae**<br>1.14.1 Skietdag terugvoer – Intertak 10 September 2016<br>Aangebied te Louis Trichardt. Die skietdag is gewen deur Rudi Myburgh, met Hennie Grobler in die tweede plek en Adriaan vd Walt derde. In die spanskiet afdeling het Magaliesberg koning gekraai gevolg deur twee Pietersburg spanne in die tweede en derde plekke.<br><br>1.14.2 Handwapen Kompetisie 17 September 2016<br>Bygewoon deur 11 lede. Gerhard de Villiers was die wenner vir die dag. Daar word kommer uitgespreek oor lede se agterloosigheid rakende veilige en verantwoordelike handwapen hantering. Voorstel word gemaak om die Handwapen afdeling verder te ontwikkel deur 'n beleids dokument op te trek. Die plan is dan ook om hierdie dokument die tydens die 2017 Bosberaad aan die dagbestuur voor te lê vir goedkeuring. Daar word verder ook versoek dat | Rudi<br><br>Rudi |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Lourens en Riaan daarna kyk om skietreels (baan reels?) vir die handwapen afdeling op te trek sodat dit opgesit kan word op die verskeie bane wat deur ons handwapen skuts gebruik word.<br><br>1.14.3 17 September 2016 Jaggeweerskiet BJV Skietbaan Warmbad.Die dag is deur heelwat BJV skuts bygewoon. Hulle punte sal gebuik word in die bepaling van die BJV skietspanne vir die 2017 Chasa Interverenigingskiet. | |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | Korrespondensie is ontvang van Sig Liebner (CHASA) waarin Rudi Myburgh en André Jonker uitgenooi word om as deel van ‘n CHASA skietspan aan ‘n skietkompetiese wat deur SA Jagters en wildbewaringsvereniging gereël is deel te neem. Daar is ook ‘n skietspan van Engeland en Australie wat aan die kompetisies sal deel neem. Die kompetisie bestaan uit twee afdelings. ‘n Papier teiken baan van 50 m tot 300m wat op Vrydag 21 Oktober geskiet word, en ‘n ghonskiet kompetiesie wat op Saterdag 22 Oktober geskiet word.<br>Die ander lede van die span is vanaf Vrystaat jagters afkomstig | Almal |

## 3. ALGEMEEN<br>GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Lourens en Riaan word versoek om na ‘n stel handwapen reëls vir ons lede te kyk. Indien moontlik moet dit by die vergadering in November voorgelê word. | |

## 4. VOLGENDE VERGADERING<br>NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag 01 November 2016 om 18:00 in die saal. | |

## 5. AFSLUITING<br>CLOSING

| | | |
|---|---|---|
| | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

____________________ ____________________
Voorsitter Datum